# HOOFSTUK 12 – DIE VERE MAAK DIE VOËL ... OF DOEN DIT?

**SIKLUS 12: WEEK 3 & 4**

Champion®

## LES 1: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

Daar word 'n hoë premie op items met 'n 'naam' soos Levi's, Nike, Adidas, Supreme, Prada, Tommy Hilfiger en Gucci geplaas. Sommige glo dat as jy nie gesien word met hierdie name nie, is jy nie 'in' nie en sal mense nie van jou hou nie. Is hierdie opvatting regverdig?

Gesels met jou klasmaats oor modes en hoekom dit vir sommige belangrik is om klere/items met bekende handelsmerke te dra. Maak 'n opsomming van voor- en nadele van hierdie handelsmerke.

| VOORDELE | NADELE |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

## LES 2: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

**Wat is 'n handelsmerk?**

Dit is 'n merk of 'n teken wat jou goedere of dienste onderskei van enige ander in Suid-Afrika of elders in die wêreld.

Kyk na die onderstaande handelsmerke en sê watter produkte of dienste hier gelewer word.

| | HANDELSMERK | PRODUK/DIENS |
|---|---|---|
| 1 | Virgin | |
| 2 | msn® | |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | LG Life's Good | |
| 4 | STARBUCKS COFFEE | |
| 5 | Nestlé | |
| 6 | CHANEL | |
| 7 | VERSACE | |
| 8 | RALPH LAUREN | |
| 9 | PIXAR | |
| 10 | S F | |

| | | |
|---|---|---|
| 11 | Windows | |
| 12 | BRITISH AIRWAYS | |
| 13 | JOHN DEERE | |
| 14 | nickelodeon | |
| 15 | GAP | |
| 16 | Calvin Klein | |
| 17 | PUMA | |
| 18 | intel | |

| | | |
|---|---|---|
| 19 | | |
| 20 | | |

## LES 3: LEES EN KYK

### LEESBEGRIP

Lees die onderstaande toespraak aandagtig deur. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

### Die vere maak nie die voël nie

'n African grey is grys en redelik vaal. Die Macaw is pragtig en kleurvol... maar hulle kan beide leer hoe om te praat. Hulle is albei goeie troeteldiere om in jou huis te hê. Is die Macaw noodwendig beter as die African grey? Maak die vere die voël?

Nike, Adidas, Polo, Vans, Levi's, Vaper Max, Asics... As jy dit nie het nie, is jy nie "in" nie.

Of is dit so?

As jy in besit van die nuutste modes met die grootste name is, kan dit jou selfvertroue 'n hupstootjie gee, want komplimente is ons kos. Ons tieners wil deel voel, ons wil gewild wees en wil nie afsteek by die res nie.

Dit is nie te sê dat as iets in die mode is, jy dit MOET hê nie. Jy moet steeds klere kies wat by jou lyf en ook jou sak pas.

Eerste indrukke tel wel. Jy moet netjies lyk, skoon ruik en ordentlik aangetrek wees, maar dit beteken nie dat jy die nuutste modes hoef te dra nie. Of ek nou my broek op afslag by Mr. Price koop en my hemp by Ackermans, kan ek steeds net so netjies lyk soos iemand wat so pas uit Markhams uitgestap het.

Mense oordeel baie maklik en sal nooit ophou nie. As jy baie netjies aangetrek is, oordeel mense omdat dit te netjies is. As jy baie eenvoudige klere aantrek, word jy daaroor ook geoordeel. So jy sal nooit wen nie.

Veral meisies is baie krities op mekaar. As 'n meisie by die partytjie aankom en haar rok staan uit, het almal iets te sê, maar as haar rok te eenvoudig is, dan gaan sy ook deurloop.

Dit wat jy aantrek, bepaal nie wat binne aangaan nie. Of jy nou in 'n swart pak geklee is en of jy met 'n kortbroek en T-hemp sonder skoene rondloop, jý bly nogsteeds jý.

My pa het eendag 'n kliënt gehad wat by die winkel ingeloop het om 'n duur motor te koop. Hy het ingestap met 'n ou kortbroek en stukkende tekkies. Nie een van die verkoopsmense het aan hom aandag gegee nie. Die volgende week stap hy weer daar in, maar hierdie keer met 'n netjiese langbroek en knopieshemp. Hy is oorval deur vriendelike verkoopsmense. Al wat

Termyn 03

hy daardie dag daar wou doen, was om aan hulle te vertel dat hy reeds by 'n ander tak sy miljoen rand se motor kontant gaan koop het aangesien hulle hom met die eerste besoek, nie wou help nie. Maak die vere die voël? As ek 'n verkoopsman was wat vir kommissie gewerk het, sou ek myself geskop het!

Ons moet ophou om mense te oordeel aan wat hulle dra en hoe hulle lyk. 'n Meisie wat altyd deur 'n ring getrek kan word en altyd netjies lyk (soos my sussie), is nie noodwendig hoogmoedig en bitsig nie, maar kan die warmste, vriendelikste persoonlikheid hê. Iemand wat dadelik skoene uitskop en hou van 'n kortbroek en T-hemp (soos ek) is nie noodwendig armsalig of traak-my-nie-agtig nie.

Maak die vere die voël? Mmmm.... Kom ons sê eerder: Elke Jan Rap en sy maat gaan sy rieme styfloop en met 'n mond vol tande sit as jy dink die Kardashians is iets om na te streef!

**VRAE:**

1. Wat beteken die idioom: Die vere maak die voël?
2. Hoekom pas die eerste paragraaf goed by die titel van die toespraak?
3. Noem twee ooreenkomste tussen die African grey en die Macaw.
4. Dui een verskil tussen die African grey en die Macaw aan.
5. Noem jou twee gunstelinghandelsmerke wat in die leesstuk voorkom.
6. Hoekom voel tieners dat dit belangrik is om die nuutste modes en grootste name te besit?
7. Verduidelik die term "eerste indrukke".
8. Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING? Motiveer jou antwoord.
   Markhams se klere is mooier as Ackermans s'n.
9. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   (Meisies/Seuns) is veral baie krities op mekaar.
10. Die volgende stelling is WAAR. Motiveer waarom dit waar is deur EEN SIN aan te haal.
    Die klere wat jy dra, het niks te doen met die persoon wat jy werklik is nie.
11. Hoe sou jy gevoel het as jy een van die verkoopsmense was wat die man met 'n kortbroek en stukkende tekkies geïgnoreer het?
12. Gee die antoniem vir die woord "slordig" deur aan te haal.
13. Is jy meer soos die spreker se sussie of kan jy meer met die verteller self geassosieer word? Motiveer jou antwoord.
14. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

14.1 Die meisie met die lelike skoene, is arm – is 'n voorbeeld van (vooroordeel/diskriminasie/partydigheid/stereotipering).

14.2 Alle meisies is bitsig – is 'n voorbeeld van (vooroordeel/diskriminasie/partydigheid/stereotipering).

14.3 Die blonde meisies mag eerste hul kos kry en daarna kan die res kom opskep – is 'n voorbeeld van (vooroordeel/diskriminasie/partydigheid/stereotipering).

14.4 Ryk kinders is ongeskik – is 'n voorbeeld van (vooroordeel/diskriminasie/partydigheid/stereotipering).

15. Verduidelik die idiome:

15.1 Elke Jan Rap en sy maat.

15.2 Sy rieme styfloop.

16. Hou jy van die Kardashians? Motiveer jou antwoord.
17. Wat is jou gevoel oor handelsmerkklere? Dink jy dit is nodig?

| |
|---|
| |
| |
| |

## LES 4: LEES EN KYK

LETTERKUNDE: KORTVERHAAL - Ateljee

Lees die kortverhaal "Ateljee" deur Elsa Joubert.
Maak aantekeninge en beantwoord daarna die vrae.

### AANTEKENINGE

| KARAKTER | EIENSKAPPE |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**VRAE:**

1. Watter soort verteller is aan die woord?
2. Wat moes die verteller doen waarvan sy nie hou nie?
3. Hoekom hou die verteller nie van die fotograaf nie?
4. Die hysbak se konsertina-ysterhek het meestal nie gewerk nie. Wat is 'n moontlike rede hoekom dit nie werk nie?
5. Beskryf hoe die fotograaf se vrou lyk.
6. Hoe weet ons die verteller is bang vir donderweer?
7. Verduidelik hoe die reën 'n wending in die verhaal bewerkstellig.
8. Wat suggereer die volgende: "...die deur tussen haar kantoortjie en die ateljee styf toegetrek was. Miskien wie weet selfs van binne op knip."

9.1 Noem die beeldspraak wat jy in die volgende aanhaling sien: "die foto se ledemate, lippe en rondinge wat by water pleit".

9.2 Verduidelik die beeldspraak.

10. Wat is die tema van die kortverhaal?
11. Bespreek die titel krities.
12. Wat word bedoel met die verteller se slotwoorde: "Bly vloei oor my."

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

## LES 5 & 6: SKRYF EN AANBIED
OPSTEL

**ONTHOU:**

- Doen eers jou beplanning.
- Doen daarna jou eerste poging.
- Daarna moet jy eers redigeer.
- Skryf dan jou finale poging.

- Skryf jou titel aan die bokant van die opstel neer.
- Jou inleidende paragraaf moet kort, kragtig en treffend wees.
- Maak gebruik van volsinne en verskillende paragrawe.
- Elke paragraaf moet 'n nuwe idee bespreek.
- Jou laaste paragraaf is die slotparagraaf en moet die opstel saambind.
- Maak gebruik van beskrywende woorde, idiome, intensiewe vorme en goeie woordorde.

**OPDRAG:**
Kies een van die volgende opsies en skryf 'n opstel van **200-250 woorde** daaroor.

**Opsie 1**
Die vere maak die voël... of nie?

**Opsie 2**
My rolmodel.

**Opsie 3**
Kies een van die prentjies en skryf 'n opstel daaroor.

3.1



3.2



3.3



## LES 7: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Tyd en getalle




## TYD

| REËLS | VOORBEELDE |
|---|---|
| Time is written as **one word** EXCEPT if the number ends in a vowel; then you use a hyphen. | **eenuur twee-uur drie-uur vieruur** |
| Time is written as follows | **15:00 – drie-uur**<br>**15:15 – kwart-oor-drie / kwart oor drie**<br>**15:20 – twintig-oor-drie / twintig oor drie**<br>**15:30 – halfvier (een woord)**<br>**15:35 – vyf-en-twintig-voor-vier / vyf en twintig voor vier**<br>**15:45 – kwart-voor-vier / kwart voor vier** |
| When you want to say HOW LONG something takes, you write it as two words | **Dit het ons ses uur geneem om by die museum uit te kom.** |
| When you use mass, distance, measurements, hours and years with a number, the noun stays in the singular form | **5 liter 1600 kilometer 60 kilogram** |
| You say URE and JARE if you want to emphasize the time taken | **Ons het 12 lang ure gery om by Kaapstad aan te kom.** |

## GETALLE

| HOOFTELGETALLE | | RANGGETALLE | |
|---|---|---|---|
| 1 - een | 21 - een-en-twintig / een en twintig | 1ste - eerste | 21ste – een-en-twintigste / een en twintigste |
| 2 - twee | 35 - vyf-en-dertig / vyf en dertig | 2de - tweede | 35ste – vyf-en-dertigste / vyf en dertigste |
| 3 - drie | 20 - twintig | 3de - derde | 20ste - twintigste |
| 4 - vier | 30 - dertig | 4de - vierde | 30ste - dertigste |
| 5 - vyf | 40 - veertig | 5de - vyfde | 40ste - veertigste |
| 6 - ses | 50 - vyftig | 6de - sesde | 50ste - vyftigste |
| 7 - sewe | 60 - sestig | 7de - sewende | 60ste - sestigste |
| 8 - agt | 70 - sewentig | 8ste - agtste | 70ste - sewentigste |
| 9 - nege | 80 - tagtig | 9de - negende | 80ste - tagtigste |
| 10 - tien | 90 - negentig | 10de - tiende | 90ste - negentigste |
| 11 - elf | 100 - eenhonderd | 11de - elfde | 100ste - eenhonderdste |
| 12 - twaalf | 400 - vierhonderd | 12de - twaalfde | 400ste - vierhonderdste |
| 13 - dertien | 1000 - eenduisend | 13de - dertiende | 1000ste - eenduisendste |
| 14 - veertien | 1 000 000 - eenmiljoen | 14de - veertiende | 1 000 000ste - eenmiljoenste |
| 15 - vyftien | 8 000 000 - agtmiljoen | 15de - vyftiende | 8 000 000ste - agtmiljoenste |
| 16 - sestien | 2020 - tweeduisend-en-twintig | 16de - sestiende | 2020ste - tweeduisend-en-twintigste |
| 17 – sewen-tien | 1986 – negentien-ses-en-tagtig / negentien ses en tagtig | 17de - sewentiende | |
| 18 – agtien | 952 – negehonderd-twee-en-vyftig / negehonderd twee en vyftig | 18de - agtiende | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19 – negentien | 311 – driehonderd-en-elf / driehonderd en elf | 19de - negentiende | |
| 20 – twintig | 620 – seshonderd-en-twintig / seshonderd en twintig | 20ste - twintigste | |

**OEFENING 1:**

Skryf die volgende GETALLE of TYE in woorde of kies die regte antwoord tussen hakies uit.

1. Jongmense in hul vroeë (20's) hou daarvan om duur klere te dra.
2. Tieners tussen (14) en (18) voel dat hulle moet inpas deur die regte selfone te hê.
3. Om (05:00) die oggend staan almal al in die ry om die spesiale aanbod te kan koop.
4. Teen (8:15) maak die deure oop en almal bars by die deure in.
5. Die mense staan vir (twee-uur/twee uur) in die ry om gehelp te word.
6. Ons het (82) km gery om by die winkel uit te kom.
7. Ons het om (03:20) by die huis gery en het om (04:30) reggestaan om vir ons plekkie te baklei.
8. Daar was (129) mense voor ons in die ry.
9. Teen (07:00) was daar al seker (1000) mense wat agter ons gestaan het.
10. Die meisie wat voor my gestaan het, het die vorige week haar (21ste) verjaarsdag gevier; daarom kry sy die nuutste Samsung-selfoon op die mark.
11. Daar was (225) verskillende Samsung-produkte op uitverkoping.
12. Die (1ste) ding waarna ek gekyk het, was die hoëtroustel vir R(4999).
13. Ma het natuurlik dadelik na die nuwe Samsung-wasmasjien gaan kyk wat op uitverkoping vir R(2200) was.
14. Pa wou kyk vir 'n nuwe yskas vir sy kroeg, maar hy sê dat R(3000) nie regtig 'n goeie prys vir so 'n klein yskassie is nie.
15. Na 3 lang (uur/ure) se rondkyk, het ons uiteindelik in die ry gaan staan om te betaal.
16. Teen (11:30) was ons op pad terug huis toe.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | | 9 | |
| 2 | | 10 | |
| 3 | | 11 | |
| 4 | | 12 | |
| 5 | | 13 | |
| 6 | | 14 | |
| 7 | | 15 | |
| 8 | | 16 | |

**OEFENING 2:**

Skryf die volgende RANGTELWOORDE uit in woorde.

| | |
|---|---|
| 40ste | |
| 55ste | |
| 12de | |
| 24ste | |
| 3de | |
| 10 000 000ste | |

## LES 8: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Infinitief

## INFINITIEF

**OM + TE**

- Die infinitief is altyd aan die einde van 'n sin.
- Slegs NIE mag na die infinitief kom.
- Infinitief is die HOEKOM iets gebeur.
- Infinitief kan in drie groepe verduidelik word.
- NB: Hulpwerkwoorde val in baie gevalle weg!
- **Het** (have) verander na (changes to) **hê**. – **het** will be the only verb in the sentence
- **Is** verander na (changes to) **wees**.

| | | |
|---|---|---|
| **GROEP 1**<br>**OM + TE** | probeer **OM ... TE** verb<br>hou daarvan **OM ... TE** verb<br>is besig **OM ... TE** verb | Leerders doen heeltyd Wiskunde. (is besig)<br>Leerders **is besig** om heeltyd Wiskunde te doen.<br><br>Onderwysers gee baie huiswerk. (hou daarvan)<br>Onderwysers **hou daarvan** om baie huiswerk te gee.<br><br>Matrikulante moet baie hard leer. (probeer)<br>Matrikulante **probeer** om baie hard te leer. |
| **GROEP 2**<br>**TE** | behoort ... **TE** verb<br>hoef nie ... **TE** verb nie<br>blyk ... **TE** verb<br>skyn ... **TE** verb | Fisiese Wetenskap is baie moeilik. (blyk)<br>Fisiese Wetenskap **blyk** baie moeilik te wees.<br><br>IT is baie ingewikkeld. (skyn)<br>IT **skyn** baie ingewikkeld te wees.<br><br>Baie leerders het Geografie as 'n vak. (behoort)<br>Baie leerders **behoort** Geografie as 'n vak te hê.<br><br>Ouers oefen baie druk op kinders uit. (hoef nie)<br>Ouers **hoef nie** baie druk op kinders uit te oefen **nie.** |
| **GROEP 3**<br>**DEUR + TE** | Starting with <u>deur</u><br>1. subject falls away in sentence 1.<br>2. helping verb in sentence 1 falls away.<br>3. te before verb in sentence 1.<br>4. verb 1 in sentence 2 moves to the front, after the comma. | Ons doen navorsing oor loopbaankeuses.<br>Ons vind meer daaroor uit. (Deur)<br>**Deur** navorsing oor loopbaankeuses te doen, vind ons meer daaroor uit.<br><br>Universiteite kies net die beste studente. Universiteite het goeie slaagsyfers. (Deur)<br>**Deur** net die beste studente te kies, het universiteite goeie slaagsyfers. |

### OEFENING:

Skryf die sinne in die INFINITIEF oor. Begin soos aangedui.

1. Ons moet tussen behoeftes en begeertes onderskei.
   Begin so: Ons behoort...
2. Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in tieners se keuses.
   Begin so: Die portuurgroep blyk...
3. Tieners dra graag klere met handelsmerke.
   Begin so: Tieners skyn...
4. Ons wil mooi klere dra.
   Begin so: Ons hou daarvan...
5. Ons luister na die media. Ons koopgewoontes word beïnvloed.
   Begin so: Deur...

6. Ek koop die nuutste mode-neigings.
   Begin so: Ek hou daarvan...
7. Champion is baie gewild onder tieners.
   Begin so: Champion blyk...
8. Almal herken dadelik KFC se logo.
   Begin so: Almal behoort...
9. Coca Cola neem die wêreld se koeldrankmark oor.
   Begin so: Coca Cola is besig...
10. Apple is die waardevolste handelsmerk ter wêreld.
    Begin so: Apple skyn...
11. Tieners eksperimenteer met verskillende handelsmerke.
    Begin so: Tieners is besig...
12. Tieners wil aan 'n groep behoort.
    Begin so: Tieners hou daarvan...
13. Kinders tussen 13 en 15 jaar dra Billabong en Quiksilver.
    Begin so: Kinders tussen 13 en 15 jaar hoef nie...
14. Nike en Adidas is bekend vir die mooiste skoene.
    Begin so: Nike en Adidas blyk...
15. Jy koop duur klere. Jy voel goed oor jouself.
    Begin so: Deur...
16. Ek het baie duur klere in my kas.
    Begin so: Ek blyk...